November 2026 | Uitgawe 04

Rietfluit

GEESTELIKE VERRYKING:
Die ware boodskap van Kersfees

GEMEENTEKAMPE
Wat wou? Wildtuin én Zorgvliet!



FEESJAAR

Ons kyk na die 40-jaar feesvieringe se beplanning en onthul die feesjaarembleem

Inhoudsopgawe

3 ONTMOET DIE SPAN
Wie is agter die storie en foto's?

6 LENTE VAN BINNE EN BUITE
Alida Venter vertel ons meer van hierdie spoggeleentheid!

13 DIE WARE BOODSKAP VAN KERSFEES
Ds. Anton herinner ons waarom ons Kersfees vier

16 GEMEENTEKAMPE
Ons beleef die gemeenskap van die gelowiges op Zorgvliet en in die wildtuin

22 ONS GR. 12'S SKITTER OP HULLE MATRIEKAFSKEID
Die graad 12's laat ons in op hulle geheime

28 GKR-FEESJAAR 40!
Klaas Steyn prikkel ons belangstelling en nuuskierigheid vir volgende jaar se feesvieringe ...

30 AMAZING RACE
Ons laerskoolmaats het groot pret!

32 ONS SKENK SÓ
Lees meer oor ons spesiale skenkings en neem deel

34 KOM SPEEL SAAM!
Gebruik jou KI (Katkisasie Intelligensie)!

Redaktrise
Doreen Biermann

Taalversorgers
Heleen Wepener

Inhoud
Lynelle Steyn
Erenst Wepener
Wiebren van Helden
Alida Venter
Ds. Anton Dednam
Heleen Wepener
Janie Venter
Annamarie van der Merwe

Uitleg
Erenst Wepener

Foto's bygedra deur
Karen de Lange
Lynelle Steyn
Alida Venter
Annamarie van der Merwe
Heleen Wepener

Skrywers


Alida Venter


Wiebren van Helden


Ds. Anton Dednam


Lynelle Steyn


Heleen Wepener


Klaas Steyn


Annamarie van der Merwe


Janie Venter


Anje van Jaarsveld

GK-Rietvallei
www.gkrietvallei.co.za
doreen14swart@gmail.com

Ons planne, God se genade

Ek beskou myself as ’n amateur-drawwer. Ek gebruik die woord amateur doelbewus, want ek is oortuig my hardloopskoene het meer potensiaal as ek. Gelukkig het ek ’n Duitse korthaarwyser (German Shorthaired Pointer in mooi Engels), Kai, wat my verantwoordbaar hou. As dit van haar afgehang het, sou ons elke dag ’n persoonlike rekord opstel – al moet ek soms eers my longe iewers langs die pad gaan optel.

Van tyd tot tyd moet ek alleen met haar gaan draf. Dit is reeds uitdagend, want Kai is ’n sterk hond van amper 30 kg en ek is geen ystervrou nie. Dit raak egter aansienlik moeiliker wanneer katte of tarentale ons drafpaadjie kruis.

Onlangs het ’n kat besluit om rustig langs die pad te sit en vir ons te kyk. Nie ’n teken van vlug nie. Nie die geringste respek vir my onvermoë om ’n hond met ’n jaginstink soos min te beheer nie. Nee, dié kat het ons behoorlik getart. Kai het dit as ’n persoonlike uitnodiging beskou. Ek het dit as ’n krisis beskou.

Toe ek my weer kom kry, klou ek aan ’n lamppaal vas asof my lewe daarvan afhang, terwyl Kai met alle erns probeer om my oor die pad agter die kat aan te sleep. Ek kan my indink hoe die petalje vir ’n buitestander moes gelyk het!



Ek en my drafgenoot, Kai.

En net só is die lewe soms ook. Soms begin ons ’n reis met ’n plan, entoesiasme en die vaste oortuiging dat ons weet waarheen ons op pad is. Dan gebeur die lewe. Dinge loop skeef, en voor ons ons kom kry, klou ons aan die naaste lamppaal vas en hoop ons kom anderkant uit sonder te veel skade. So begin my reis dan as redaktrise van Rietfluit.

Oom Pieter het ná 23 baie suksesvolle uitgawes besluit dat dit tyd is om die redakteurskap aan iemand anders oor te gee. Ek neem die leisels oor met groot waardering vir sy werk, ’n gesonde respek vir die taak wat voorlê en die hoop dat ek darem meer beheer oor hierdie projek sal hê as wat ek daardie dag oor Kai gehad het.

Dit is ’n voorreg om hierdie taak te aanvaar. Rietfluit is immers veel meer as net ’n tydskrif wat ’n paar keer per jaar op iemand se koffietafel beland. Dit is ’n stukkie van ons gemeente se storie: van ons mense, van saamwees, van hoogtepunte en laagtepunte, en van die dinge wat ons laat lag en die dinge wat ons op ons knieë bring.

En as ons eerlik is, het Rietvallei nie vanjaar op ’n geplaveide paadjie gestap nie. Daar was uitdagings, onsekerhede en oomblikke wat ons anders sou wou gehad het.

Tog kan ons, wanneer ons terugkyk op 2026, nie anders as om God se genade raak te sien nie. Nie omdat alles uitgewerk het soos ons gehoop het nie, maar omdat Hy getrou gebly het, ook wanneer ons nie die groter prentjie kon sien nie.

Ons is soms so besig om te wonder wat volgende gaan gebeur dat ons vergeet om raak te sien wat reeds aan ons gegee is. Genade is nie altyd ’n groot, dramatiese gebeurtenis nie. Soms is dit iemand wat opdaag wanneer jy hulp nodig het, ’n gesprek wat jou weer moed gee, of die wete dat God se trou nie afhanklik is van hoe goed ons eie planne uitwerk nie.

Daarom wil ek hê ons moet met dankbaarheid terugkyk op 2026. Nie omdat alles perfek was nie, maar omdat God getrou was. Ons kan met verwagting uitsien na 2027, nie omdat ons weet wat die jaar gaan inhou nie, maar omdat ons weet Wie ons daardeur sal dra.

Gelukkig is daar ook heelwat ligter leesstof in hierdie uitgawe! Ons kyk terug op ons lentetee, waar daar genoeg mooi dames, spoggerige tafels en smullekker eetgoed was om enige Pinterest-bord jaloers te maak.

Ons herleef die twee gemeentekampe, leer ons nuwe intrekkers ken en bewonder die spoggerige uitrustings van ons matrikulante by hul matriekafskeide. Ons begin ook uitsien na die feesjaar wat vir 2027 beplan word, met klomp nuwe planne en ’n pragtige embleem.

Terwyl ek so sit en hierdie voorwoord skryf, besef ek dat ons almal soms aan ’n lamppaal moet vasklou wanneer die lewe ’n onverwagse draai maak. Ons weet nie watter “katte” of “tarentale” 2027 op ons pad gaan sit nie, maar gelukkig hoef ons nie die roete op eie krag aan te pak nie.

God is ons vaste lamppaal, die Een aan wie ons kan vasklou wanneer ons planne skeefloop en ons nie meer mooi weet hoe om vorentoe te gaan nie.

Mag ons die laaste bladsye van 2026 met dankbaarheid omblaai en die nuwe jaar met vertroue tegemoetgaan. Mag ons onthou dat God se genade genoeg is en sy trou ons elke dag dra.

Wat my en Kai betref - ons sal weer gaan draf, miskien net op ’n katvrye roete!

Geniet die lees!

Doreen

Lente van binne én buite

ARTIKEL EN FOTO'S
ALIDA VENTER

Die Susters se Damestee het geblom met mooi musiek, inspirerende boodskappe, heerlike kuier en 'n vrolike modeparade! Onder die tema "Lente van binne en buite" is ons herinner dat ware skoonheid begin wanneer die Here ons harte vernuwe.

Op 5 September 2026 het ons dames bymekaargekom vir ’n besonderse damestee, gevul met mooi musiek, heerlike kuier, inspirerende boodskappe en baie hartlikheid. Die tema van die oggend, “Lente van binne en buite”, het ons daaraan herinner dat lente nie net ’n verandering in die natuur meebring nie, maar ook ’n uitnodiging is om ons harte opnuut te laat blom.

Die pragtig versierde tafels het die lente se kleur en vreugde weerspieël, terwyl die dames die oggend geniet het rondom heerlike verversings en goeie geselskap. Dit was ’n geleentheid om stil te staan, asem te haal en mekaar se geselskap te waardeer.

Ons was bevoorreg om na twee besondere sprekers, Ingrid en Karyna, te luister. Hulle boodskappe het ons geïnspireer en ons opnuut laat besef dat ware mooiheid van binne begin – wanneer ons ons lewe aan die Here toevertrou en Hom toelaat om ons harte te vernuwe.

Die oggend is verder verryk deur ’n modeparade met ons pragtige dogters in die kerk as modelle. Die kreatiwiteit, energie en spontane glimlagte het ’n bietjie ekstra lentevreugde aan die dag verleen.
’

’n Groot woord van dank gaan aan Christine en die klankspan, Corné vir die pragtige agtergrondmusiek, al die dogters wat as modelle opgetree het, ons sprekers, Ingrid en Karyna, asook elkeen van die gasvrouens wat met soveel liefde, moeite en sorg hul tafels voorberei het.

Baie dankie ook aan die Sustersbestuur vir al die reëlings, beplanning en harde werk agter die skerms om hierdie spesiale oggend moontlik te maak.

Meer as net ’n damestee was dit ’n oggend van samesyn, bemoediging en geloof – ’n herinnering dat die Here elke seisoen van ons lewe gebruik om iets nuuts in ons te laat groei.

Mag ons, soos die natuur in die lente, elke dag nuut word in die Here se teenwoordigheid. Mag ons Sy liefde uitleef, Sy lig weerspieël en waar ons ook al geplant is, blom.

Lente van binne en buite – omdat ware skoonheid begin wanneer God binne-in ons werk.

Dankie aan elke dame wat deel was van hierdie besondere dag. Ons harte is vol dankbaarheid vir die mooi herinneringe wat saam geskep is.















DAMESOGGEND
Donnerstag






ONS WENTAFEL

GEDEK DEUR
CORNELIA MEYER



DANKIE
AAN ELKE GASVROU
WAT BESONDERSE
MOEITE MET HULLE
TAFELS GEDOEN HET!

ONS PRAGTIGE DAMES











ONS PRAGTIGE DAMES















Die ware boodskap van Kersfees: van moederskoot tot wedergeboorte

DEUR DS. ANTON DEDNAM

Wanneer die laaste maande van die jaar aanbreek, verander die wêreld rondom ons teen 'n verbysterende pas. Winkelvensters word omskep in winterlandskappe met glinsterende sneeu, kersbome, klokkies, sleë en Kersvaders met rooipens-glimlagte – gepraat van fiksie, 'n sneeulandskap tydens 'n Desember in Transvaal. Die samelewing word oorval deur 'n kommersiële gejaag waarin die feesgety gereduseer word tot verbruikerswese, afslag-inkopies en sentimentele geselligheid.

'n Kersboom, geskenk of 'n feesmaal is op sigself nie verkeerd nie. Die gevaar lê egter in die oomblik wanneer die uiterlike vertoon ons aandag aftrek van die wese van die saak; dan raak dit grondig problematies. Die wêreld vier 'n fees sonder 'n fondament; hy soek vrede sonder die Vredevors en vrolikheid sonder verlossing. Wanneer die geraas van die markplein egter stilgemaak word, breek die eintlike vraag deur: Waaroor gaan Kersfees werklik?

Die ware boodskap van Kersfees is nie 'n seisoenale sentiment nie, maar die verwerkliking van God se eeue-oue beloftes in die geskiedenis. Kersfees begin immers nie in Betlehem nie; dit begin in die paradys.

Die oopbreek van die belofte

Nadat die mens in sonde geval het en die verhouding met God verbreek is, het die Here nie die mensdom aan sy eie ondergang oorgelaat nie. Te midde van die oordeel spreek God die eerste belofte van die evangelie uit teenoor die slang in Genesis 3:15 wat lees soos volg: “En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.”

Hierdie moederbelofte is die goue draad wat dwarsdeur die hele Ou Testament loop. God belowe dat daar uit die nageslag van die vrou Een gebore sal word wat die kop van die slang sal vermorsel, al sou Hy self in die hakskeen gebyt word. Eeue lank het gelowiges uitgesien na die vervulling van hierdie belofte. Wanneer die engel uiteindelik aan Maria verskyn en aankondig dat sy swanger sal word deur die krag van die Allerhoogste, breek die oomblik aan waar die belofte vlees aanneem. In Betlehem word die Saad van die vrou gebore. Christus, die ewige Seun van God wat van ewigheid af was, betree die skepping deur die moederskoot om vlees en bloed, soos ons, aan te neem.

Van Egipte se lam tot die volkome Paaslam

God openbaar Homself deur die geskiedenis as die getroue Verbondsgod wat sy woord hou. Dink maar aan die uittog uit Egipte, waar die Here telkens verklaar: “Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.” Daardie bevryding uit die bitter slawerny van Egipte is verseël deur die Pasga. Die bloed van die “vlekkelose” lam aan die deurposte het die oordeel afgewend, en die volk is vrygemaak.

Tog was daardie aardse lam slegs 'n skaduwee wat heengewys het na 'n groter belofte. Soos die Skrif getuig, is ons Paaslam vir ons geslag, naamlik Christus. Die krip van Betlehem kan nooit losgemaak word van die kruis op Golgota nie. Die Kind wat in die krip neergelê is, is gebore met 'n baie spesifieke doel: om die volmaakte Lam van God te wees wat die sonde van die wêreld sou wegdra.

Die slawerny waarin ons van nature verkeer, is immers oneindig dieper en donkerder as die slawerny onder Farao. Dit is die slawerny van die sonde, die skuld voor God en die mag van die dood. Kersfees herinner ons daaraan dat ons Koning en Verlosser mens geword het om daardie boeie finaal te breek. Aan die kruis is Hy in die hakskeen gebyt, maar deur sy opstanding het Hy die kop van die slang onherstelbaar vermorsel. Ons wás slawe, maar deur Christus se koms en volkome soenoffer is ons dit nie meer nie.

Die noodsaak van wedergeboorte

Dit bring ons by 'n wesenlike vraag wat elke mens persoonlik raak. Dit help ons niks om te weet dat Christus in 'n stal gebore is as Hy nie deur sy Gees in ons harte woon nie. Net soos Christus uit 'n menslike moeder gebore is, alhoewel Hy reeds voor sy geboorte die Seun is, so moet elkeen van ons weer gebore word om deel te hê aan sy verlossing, selfs al is ons reeds gebore deur 'n moeder. Jesus se aardse geboorte vloei voort uit Sy ewige bestaan. Ons ewige geboorte, ons wedergeboorte, volg na ons aardse geboorte, alhoewel dit reeds in die uitverkiesende raad en wil van God lank voor ons geboorte beskik word.

So lees ons in Johannes 3:3-5 toe Nikodemus in die nag na Jesus gekom het, het die Here hom baie reguit gekonfronteer:

“Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodemus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.”

Die fisiese geboorte uit vlees bring slegs 'n mens voort wat onder die sondeval gebuk gaan. Verlossing vra egter 'n radikale nuwe skepping — 'n bonatuurlike lewendmaking deur die Heilige Gees. God gryp in en skenk 'n nuwe hart en 'n nuwe gees. Sonder hierdie wedergeboorte bly die hele Kersverhaal slegs 'n historiese feit buite ons, sonder lewegewende krag vir ons siele.

Die nuwe mens en 'n lewe van dankbaarheid

Wanneer die Gees ons wederbaar, bly dit nie onsigbaar nie. Dit lei tot 'n daadwerklike nuwe lewenswandel. In die brief aan die Efesiërs word hierdie werklikheid kragtig beskryf:

"...dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid." (Ef. 4: 22 - 24)

Die gelowige word geroep om die ou gewoontes en selfgesentreerdheid af te lê en die nuwe mens aan te trek. Dit beteken om Christus na te boots, sy beeld te vertoon en sy liefde, geregtigheid en gehoorsaamheid in die daaglikse lewe na te streef. Soos die Heidelbergse Kategismus bely in Vraag en Antwoord 90, is die opstanding van die nuwe mens juis "'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe."

Hierdie lewenswandel spruit nie voort uit dwang nie, maar uit diepe dankbaarheid. Diegene wie besef watter oneindige prys betaal is om hom of haar uit die slawerny van die sonde te verlos, rig sy of haar lewe met blydskap in tot eer van sy of haar Verlosser.

Getrouheid tot by die wederkoms

Die koms van Christus in die vlees leer ons bowenal dat God getrou is. Nie een van sy beloftes het ooit "op die grond geval" nie. Net soos die belofte in die paradys en die belofte van die Pasga tot op die letter vervul is, net so seker staan Sy belofte van die wederkoms.

Daarom kyk die gelowige tydens Kersfees nie net terug na die krip in Betlehem nie, maar ook vorentoe na die wolke van die hemel. Ons Koning wat eens in nederigheid en oënskynlike swakheid gekom het, kom weer in heerlikheid en mag om sy koninkryk volkome te vestig.

Laat die wêreld dan maar besig bly met sy verganklike klatergoud en kommersiële geraas. Vir die kind van God is Kersfees die blye fees van God se ewige trou: die Saad van die vrou het gekom, die slawerny is verbreek, ons is nuut gemaak deur sy Gees, en ons leef met ons oë gevestig op die voleinding van alle dinge.



Zorgvliet 2026

DEUR ANJE VAN JAARSVELD
FOTO'S HELEEN WEPENER













Waar moddervoete, moerkoffie en die Bergrede ons siele kom verkwik het

As jy die laaste ruk gewonder het hoe dit lyk wanneer gemeentelede doelbewus die jaarlikse gejaag net daar in sy spore stuit, is die antwoord eenvoudig: dit lyk soos moddervoete, nat hare wat aan die voorkop kleef, en harte wat oorloop van absolute dankbaarheid. Ons afgelope gemeentekamp in die skilderagtige Oos-Vrystaat was nie net ’n wegbreek van die daaglikse roetine nie; dit was ’n sielsverrykende ervaring wat nog lank deur ons are gaan bruis. Vir oud én jonk was hierdie naweek ’n kragtige herinnering aan die rykdom van ons geloofsgemeenskap.
Hier is hoe ’n naweek van hemelse samesyn, lagspiere oefen en diep geestelike herlaai verloop het.

Diep spore in die Woord: Die saligsprekinge
Die hartklop van ons kamp was ons geestelike tema: die saligsprekinge uit die Bergrede. In ’n wêreld wat dikwels hard en mededingend is, het hierdie eeue-oue woorde van Jesus ons kom stilmaak. Dit het ons herinner aan die ware definisie van geseënd wees—om nederig, sagmoedig en honger na geregtigheid te leef.

Soos die befaamde skrywer Totius dit so treffend stel in sy Versamelde Werke (Deel 2):
“Die saligsprekinge is nie los gesegdes, afsonderlike pêrels wat deur Jesus sonder orde of verband rondgestrooi word nie. Nee, hulle behoort bymekaar; hulle volg mekaar reëlmatig op; hulle vorm saam 'n snoer van pêrels wat deur die band van eenheid aanmekaar geryg is.”
Dit is presies hoe ons hierdie ryk teksgedeelte tydens die kamp ervaar het—as ’n ryk snoer van waarhede wat ons lewens aanmekaarbind.

Hierdie geestelike voeding is boonop daagliks afgerond met die spesiale dagafsluitings. ’n Mens kon duidelik sien en voel dat diegene wat die afsluitings waargeneem het, geweldig baie moeite gedoen het.

Dit was die perfekte, stilword-einde van elke besige dag, waar die woorde van die Skrif diep in ons harte kom nesmaak het terwyl die Vrystaatse naglewe buite aan die gang was.

Klopdisselboom en kaskenades
Nou kyk, die Liebenbergsvlei-rivier loop! Maar nog vlotter, het die reëlings verloop! Dankie Innecke en ds. Anton – van die beplanning, die smullekker kos, die propvol program en die speletjies. Almal het alles ten volle geniet!

Tydens die kuieraande het ons grysstof behoorlik gewerk (en ons lagspiere nog meer!). Danksy Innecke het ons letterlik geskaterlag met ’n skitterende sessie van Noot-vir-Noot. Net toe ons dink ons musikale kennis is getoets, het die Bybelvasvrae gesorg dat oud en jonk kopkrappend en kompeterend mekaar op die proef stel. Die geesdrif was tasbaar, en die spangees onbreekbaar.

Die polsslag van die natuur en die rivier
Natuurlik was die groot avontuur van die naweek die roei op die Liebenbergsvlei-rivier. Wat ’n opwinding! Om te kyk hoe oud en jonk mekaar help om in en uit die rubberbote te klouter, die stroom te trotseer en met pure adrenalien (en soms ’n bietjie rivierwater in die mond, sommige binne die boot, sommige buite!) anderkant uit te kom, was ’n absolute hoogtepunt.
En o, die strelende oomblikke van stilte op Zorgvliet se stoep...



Stel jouself voor: jy sit met 'n beker egte moerkoffie in die hand en wag dat die goue strale agter die oggend-miswolke uitbreek. Of, as jy lanklaas langbeen op jou kampstoel by 'n knetterende houtvuur gesit het terwyl die maan soos 'n bloedrooi bal oor die ooste horison uitkruip met Venus wat haar vooruit loop, kan jy gerus jou hand vir volgende jaar se kamp opsteek. Die natuur was 'n lewende prenteboek van God se grootheid.

Ons was bevoorreg genoeg om te sien hoe die skepping voor ons oë afspeel:

- Die skaars en grasieuse gesig van twee bloukraanvoëls wat hoog die lug in vlieg.
- Twee sekretarisvoëls wat soos soldate – dapper en gefokus, deur die veld spoorsny.
- 'n Klein lammetjie wat met raserige opgewondenheid na sy ma toe aanstorm om speen te suig, asof hy die hele dag nog geen druppel melk gehad het nie.
- Ag, en die kenmerkende naggeluide van 'n nonnetjiesuil wat die donkerte deurklief het.
- 'n Heerlike verfrissende namiddag bui reën, wat al die stof afgewas het.

Hierdie fyn besonderhede het ons net weer laat besef met hoeveel detail die Here vir ons, en sy hele skepping, sorg. Hy versterk ons gelyktydig deur sy Woord en die skoonheid van die natuur.





'n Veilige hawe van omgee

Uiteindelik was die grootste geskenk van die naweek nie net die omgewing nie, maar die mense. Ons het gelag, gesels, en mekaar as geloofsgenote en mede-lidmate op 'n baie dieper vlak leer ken.

Ons harte loop oor van dankbaarheid dat die Here ons binne hierdie spesifieke geloofsgemeenskap gevoeg het. Hier is 'n plek waar ons werklik omgee vir mekaar, waar ons die vrymoedigheid het om ons grootste vreugdes, maar ook ons diepste bekommernisse en hartseer, met mekaar te deel, na mekaar te kan omsien en hand aan hand, as een liggaam, saam die Here te kan dien.

Jou voorskrif vir aanstaande jaar

Wanneer die jaar oor die halflyn-merk toer en die laaste kwartaal se uitdagings soos 'n berg voor jou lê, word die laste soms swaar. Hierdie gemeentekamp was egter die perfekte "hospitaal-tee" wat ons siele nodig gehad het om met nuwe krag die pylvak te trotseer.

As jy vanjaar hierdie wonderlike ervaring misgeloop het, maak dadelik 'n knoop in jou oor. Sorg dat jou plek vir volgende jaar vroegtydig bespreek is. Jy wil beslis nie die volgende hoofstuk van ons Zorgvliet-stories misloop nie!




Country Fresh

















Aandgodsdiens onder die sterre en die wildtuin se natuurprag!

Die Rietvalleiers gaan Wildtuin toe...

Deur Wiebren van Helden
Foto's Karen de Lange en Lynelle Steyn

Soos dit al vir 15 jaar die gewoonte is, het die tyd weer aangebreek vir ons 16de keer in die Kruger Wildtuin saam met ongeveer 60 medegereformeerdes van Rietvallei.

Groot opgewondenheid heers alreeds by die beplanningsvergadering en ons het selfs luistervinke vanuit die Kaap wat deelneem.
Dis 'n gegons oor wie, waar en wat gedoen moet word en wat ons gaan eet. Kommandant Karen het reeds lyste opgetrek vir die kosspanne, want hierdie kamp is só goed beplan dat elke gesin slegs een keer verantwoordelik is om vir die hele kamp bykosse te maak by die aand se braai/ete.

Dan ontmoet ons ook ons medekampers: Skater en Flater. Ons hoor toe dat die twee daagliks toegeken word aan die gesin met die snaaksste storie of lafste streke. Hulle moet versorg word met kos, sakgeld, moet saam na die diere kyk en mag glad nie alleen wees nie.

Daar word ook beplan wie die aandgodsdiens elke aand gaan lei, en tussen Kommandant Karen en Christine word die sangboekies voorberei, want geen aandgodsdiens is voldoende sonder die sing van 'n lied of Psalm nie.

Donderdagoggend 4 uur is die motors gepak en karavane gehaak. Die kleinkinders wil in die “donker” ry, want dit is wat 'n mens doen as jy met vakansie gaan. Alzu-ontbyt en dan af met die berg deur die tonnel pak ons die padwerke aan by Nelspruit tot in Malelane.

Veilig aangekom by Krokodilbrug-hek staan Kommandant Karen ons so en kyk, en sê: “Kom saam en sê niks. Ek sal die praatwerk doen, want anders slaan julle in die donker op!”

So gesê, so gedaan en tjoef-tjaf toe is ons dokumente geteken en permitte uitgereik en ons is in!

Groot is die groetery van almal wat reeds daar is en die opslaan begin. Heerlik onder die koeltebome en teen die grensdraad beland ons met 'n lieflike uitsig op die bos.

Kort voor lank raak dit skemer en die klok lui. Almal kom bymekaar onder die bome en flukse Jaco het braaivure reg en ligte in die bome. Die kosspan se bykosse staan gereed op die tafels, en elkeen bring 'n stoel en koelboks nader met ligte versnaperinge en 'n vleisie om te braai.

Kommandant Karen kry die onderlangse gezoem stil en kry die kinders op stoele met een woord en die kampreëls word deurgegee. Gelukkig nie te militêr van aard nie. Die “kampdiakens” (kindertjies) deel die sangboekies uit, en daar word huisgodsdiens gedoen saam met heerlike sang tot eer van God.

Toe braai ons! Elkeen sy eie vleisie of hoender of pofadder of, of, of... Só was elke aand, heerlik gesellig om die braaivleisvure. Elke aand iets anders, heerlike verrassings, maar glo my, soos Lynelle tereg opgemerk het, het almal die winskopie by Makro raakgesien, want nege uit die tien aande was poeding 'n Kit-Kat-sjokolade.

Sondag was baie spesiaal. Die oggend was almal rustig, want ons sou om 9 uur kerk hou onder leiding van myself. Toe die klok lui kom almal met hulle stoele, hoede en Bybel onder die boom bymekaar. Eers het ons, soos elke jaar, die kamppersoneel bymekaar gekry en Kommandant Karen het namens die gemeente 80 Bybels in verskillende tale aan die bestuurder en sy span oorhandig. Almal was baie emosioneel en dit is met groot dank aanvaar. Ons is toe

deur die kampbestuurder gekomplimenteer oor ons goeie gedrag en probleemvrye gesindheid. Ha, wat het hulle gedink – met só 'n kommandant loop alles mos klopdisselboom.

Toe kom die gróót verrassing: Drie KNP-voertuie daag op en Kommandant Karen lig ons in dat ons gaan kerk hou in die bos. Alles langs die rivier en doodse stilte daar in die bos. Dit was 'n hoogtepunt! Heerlik gesing, saam ons geloof bely en toe na 'n preek geluister oor: "Wat is die doel van ons lewe?" Ons teksvers was Ef. 1:4. Dankie Karen!

Saans by die kampvure is Skater en Flater ook heraangewys aan nuwe ouers met redes soos: 'n vrou wat haar man in Romenië los en alleen kom kamp; iemand wat vasgesit het in die modder; sekere mense wat Hawaii-hemde in die bos dra – wat moet die diere daarvan dink? Hier dra ons kakie en "camo"! Maar, die bedoeling was uiteindelik dat ons 'n bietjie geld (vanuit die sakgeld vir Skater en Flater) bymekaarmaak vir die diakonie en aan die einde van die kamp het ons die twee outjies opgeveil vir permanente woonplek. Dus tussen die sakgeld en die veiling deur kon ons die diakonie se fondse stuif met ongeveer R2900.

En nou ja, met twee dae se reën en modder en baie mooi wildsbesigtiging asook heerlike kuiers rondom die kampvure is die tien dae heel vinnig verby en het die groot trek huis toe begin.

Die Here was goed vir ons. Ons het heerlik vakansie gehou en almal is weer veilig terug by hul huise. Ons dank kom slegs aan God toe.

Baie dankie aan almal wat gehelp het - hoe klein ook al. Dit was heerlik!

Almal sien reeds uit na volgende jaar!













Ons gr. 12's skitter op hulle matriekafskeid



ELSMARI KUPERUS



ESTÉ OBERHOLZER



SCARLETT FAIRBANKS

LEES MEER OOR DIE PRAG EN PRAAL (EN MISKIEN BIETJIE DRAMA) AGTER DIE PRAGFOTO'S

DEUR: LYNELLE STEYN
FOTO'S: VERSKAF

Tussen die Augustuswinde en die eerste pers Jakarandabloeisels, vóél mens sommer die opwinding van al die hoërskole se matriekafskeidsfunksies in die lug. Ons eie Rietvallei-matrieks kon ook so bietjie van hul eksamenstres vergeet en optof vir hul totsiens-sê aand. ’n Paar van hulle het mooi foto’s en spesiale herinneringe van hul matriekafskeid met ons gedeel:

Hoërskool Waterkloof se matriekafskeid is op 22 Oktober in die skool se ouditorium gehou. **Megan Pieters** se rokreis was redelik senutergend, aangesien die dame wat die rok moes maak, agter geraak het en Megan haar droomrok eers 14:00 op die dag van die matriekafskeid kon kry. Dit is genoeg om enigiemand se senuwees klaar te maak. Megan, met senuwees van staal, het egter geskitter op haar spesiale aand.







Nog ‘n Klofie, **Hendrik Rheder**, en sy metgesel, Lana, het met sy ma se blinkblou 1968-Beetle by die matriekafskeidsgeleentheid opgedaag. Met sy stylvolle pak en koningsblou das kon hy net sowel uit ’n modetydskrif gestap het! En die vellies gee dit ’n eg Suid-Afrikaanse kinkel. Die matriekseuns steek in my opinie glad nie sleg af teenoor die dogters se pragtige uitrustings nie, of hoe?

Michael Schutte, se matriekafskeid het by Kleinkaap in Centurion plaasgevind. Ons ag onsself gelukkig dat ons dié foto kon kry, want die kamera wou die aand nie saamspeel nie, en hierdie is die enigste foto wat Michael het om mee te spog! Gelukkig word ’n mens se matriekafskeid gemeet aan jou herinneringe, en nie aan die hoeveelheid foto’s nie. Die matrieks het behoorlik gekuier, gedans en makietie gehou. Michael, jy het voorwaar spoggerig gelyk!





Hoërskool Centurion se matriekafskeid is op 8 Oktober ook by Kleinkaap gehou. **Carli Steenkamp** het gestraal in ’n sagte ligblou tuillerok. Hierdie keer het sy darem mooi stil gesit vir haar haarafspraak... Dieselfde haarkapper (tannie Louise) wat woelige Carli se eerste haarsny as peuter moes baasraak – al stappende agterna met ’n skêr in die hand, gereed om ’n knippie te gee as Carli vir een oomblik stilstaan – het ook haar hare vir hierdie spesiale geleentheid gedoen.

Elsabé Steyn, van Hoërskool Garsfontein, het op 25 September by Monte de Dios soos ’n prinses gelyk op haar matriekafskeid. Haar beste vriend, Herkie, het haar vergesel. Elsabé se pampoenkoets was ’n skeloranje roomyskarretjie (Herkie se droom) en hul het selfs ’n roomys gekry om op die rooitapyt te geniet! Haar droom om eendag soos ’n prinses op haar matriekafskeid te lyk, het voorwaar waar geword.





Op 23 September het Die Hoërskool Menlopark matriekafskeid gehou. **Jeanie van Biljon** was egter alreeds in Maart reg hiervoor, want 'n besige netbalseisoen en eksamens het voorgelê. Haar keuse was 'n swart rok wat die kleure om haar reflekteer, en dit pas mooi by haar sprankelende persoonlikheid. Haar tannie het haar hare gedoen sodat sy net gemaklik kon wees en die aand geniet. Haar metgesel het haar na die matriekafskeid gevra deur te sinspeel op die "klein ongelukkie" wat sy dae tevore met haar kar gehad het. Oulik!

Cobus van der Merwe, ook van Hoërskool Waterkloof is deur sy ouboet in sy Toyota Hilux afgelaai. Hulle het soos wafferse grootwildjagters agter op die bakkie se jagsitplekke gery; en vir maklik op- en afklim het Cobus selfs die trapleertjie verfraai. Nie alle prinsesse se koetse lyk dieselfde nie!





RIETVALLEI WORD 40

Wat beplan ons alles en
hier is ons embleem!
Kom loer!

DEUR KLAAS STEYN
EMBLEEMONTWERP: CORNELIA MEYER



Op 21 Junie 1987 het die Here dit so beskik dat daar in hierdie deel van Pretoria 'n nuwe gemeente tot stand gekom het: Die Gereformeerde Kerk Rietvallei.

Daarom dan dat ons 'n groot feesjaar vir 2027 beplan – om God die eer en dank vir sy seëninge te bring.

Die oorkoepelende doel van die feesjaar is 'n geleentheid om:

- die Here te dank vir 40 jaar se genade en trou;
- die gemeente se geskiedenis te onthou en te bewaar;
- voormalige gemeentelede weer te kontak;
- jonger en ouer geslagte bymekaar te bring;
- die gemeente se geloofserfenis te vier;
- die gemeente se betrokkenheid by sending te versterk;
- die kinders en jongmense deel van die fees te maak;
- die gemeente se toekoms met geloof en dankbaarheid tegemoet te gaan.

Omrede die gemeente 21 Junie 1987 gestig is, beplan ons 'n groot feesnaweek vir 18 tot 20 Junie 2027!

Hier is ook ‘n kort opsomming van nog aksies wat ons beplan:

Doop- en belydenisregister
Ons wil inligting oor kinders wat die afgelope 40 jaar in Rietvallei gedoop is en kinders wat hier hulle geloofsbelydenis afgelê het, in een register saamstel en in ’n 40-jaar-feesboek/argief plaas.

Predikante
Ons wil poog om al die predikante wat oor die afgelope 40 jaar in die gemeente gedien het, asook predikante wat vanuit die gemeente afkomstig is te kry om tydens die feesnaweek saam te kuier.

Covid-jaar
Ons kyk terug op die uitdagings wat Covid-19 vir die bediening in Rietvallei gebied het en hoe ons dit hanteer en oorkom het.

Digitale argief/SharePoint
'n Plek waar gemeentelede maklik digitale materiaal soos foto’s; video’s; dokumente; herinneringe en ander historiese inligting van Rietvallei die afgelope 40 jaar kan oplaai.

Gemeentegemeenskap
'n Soort Dopperspele - maar net vir Rietvalleiers word in die vooruitsig gestel waar wyke, gesinne en ander gemeentegroepe teen mekaar kan deelneem.

***Rietfluite* – 40 jaar se argief**
Die Rietfluite van die afgelope 40 jaar word versamel en uitgestal waar lidmate en besoekers deur die jare se uitgawes kan blaai.

’n Tema vir elke maand
Daar is maandstemas, met Junie se tema as die feesmaand, Augustus s’n Bybelverspreiding en Oktober s’n dankbaarheid.

Alle volke, loof die Here
Ons gaan fokus op Rietvallei se betrokkenheid by bedienings soos die Franse Mediabediening, TOPIA, die Indië-bediening, Ramotse en Botswana. Die doel is om die universaliteit van die kerk en die wekroep dat álle volke die Here moet loof, sigbaar te maak.



GELOOF-IN-AKSIE "AMAZING RACE"



ARTIKEL EN FOTO'S: LYNELLE STEYN

Op 'n snerpend koue Vrydagaand in September het graad R tot 7 hul kwartaallikse sosiale aand gehou. Dis altyd 'n aand van groot pret en plesier, met lekker speel, saamkuier en lekker eet. Selfs die volwassenes trek weer hul kinderskoene aan.

Die giggelende kinders het onder die wakende oog van kategete, hoërskool- en studentehelpers by verskillende stasies hul Bybelkennis en handvaardighede getoets en baie pret gehad. Hul kon ook enige tyd deur die aand 'n kragkaart speel waar hul 'n ander span vir 30 sekondes kon vries, hul eie span nog 'n kans by 'n stasie kon gee, of 'n stasie se punte kon verdubbel.

Met vrae soos: "Hoe ver is 'n Sabbatsreis?" kon hul meeding om die meeste punte aan te teken en as wenners uit te tree. En hoe moeilik kan dit dan nou wees as jy geblinddoek jou pad deur 'n hindernisbaan moet vind terwyl jou spanmaats vir jou bevele moet skree? Blykbaar nogal moeilik as hul nie die woorde "Links" of "Regs" mag gebruik nie!

Hulle moes onder andere die hoogste toring bou deur plastiekbekers en kleeflint van 1 m te gebruik en by die "kerkstasie" moes hul hul eie spanlied uitdink en bekende Psalms en liedere probeer herken deur net die eerste paar note te hoor.

Deur hul span se "menslike knoop" (hand aan hand) te ontknoop, het hulle geleer dat hulle mekaar nodig het en nie alles alleen kan doen nie. Hulle moes 'n Bybelkarakter (Dawid) herken deur 'n paar leidrade te ontsyfer en by 'n ander stasie slegs deur bewegings en sonder woorde, Bybelkarakters of verhale uitbeeld sodat hul spanmaats reg kon raai.

Deur die aand kon hul leidrade sien van kleurvolle letters wat oral op die terrein geplak is, wat hulle met die finale stasie moes vind en die frase "God se liefde" uitspel vir 'n laaste puntehupstoot.

Tussendeur al die pret het ons gesmul aan heerlike vetkoeke. Die aand is afgesluit met 'n paar opwindende groepspeletjies, wat almal stokflou maar gelukkig gelaat het.

Ons staan elke keer verstom oor hoe eenvoudige speletjies die gemeente se kinders en almal wat teenwoordig is soveel pret en samesyn kan verskaf. Dit bied 'n wonderlike platform waar die gemeente se kinders mekaar op 'n sosiale vlak – buite die katkisasieklas – kan leer ken en vriende kan raak.

As jy dus hierdie geleentheid misgeloop het, maak seker jy is volgende keer daar!













THE AMAZING
RACE
POWER CARD
30s VRIES
'n Ander span
moet 30 sekondes
vries.



Ons gemeente skenk só

Gereformeerde Kerk Ramotse

Ds. Herens Nkoana is 'n ywerige en vurige bedienaar van God se Woord in sy Hammanskraal-gemeenskap. Hy voed egter nie net die gemeenskap se siele met woordbediening nie, maar ook die liggaamlike honger van mense en veral kinders.

Die groentetuin op die kerk se perseel is voorwaar 'n lus vir die oog. Honderde maaltye word op 'n weeklikse basis aan behoeftige kinders voorsien wat die naskoolsentrum by die kerk bywoon en só God se liefde eerstehands kan ervaar.

Ds. Nkoana en sy span is deurentyd besig met fondsinsamelingsprojekte soos hul gereelde basaars. Dit is daarom vir ons 'n absolute voorreg en wonderlike geleentheid as die diakonie van GK Rietvallei om te kan hande vat met GK Ramotse en hul nie net maandeliks te ondersteun in die aankoop van meel vir die kinders nie, maar om ook per geleentheid die gemeente op te roep om items soos nie-bederfbare kos te skenk om sodoende hul voorraad aan te vul.

'n Opregte woord van dank daarom vir elke bottel olie, blikkie vis en nog baie meer. Weet dat dit 'n tasbare verskil maak!

President Kruger Kinderhuis, Villeria

Soos meeste van u seker reeds weet, is die President Kruger Kinderhuise (PPK) in Villeria en Reddersburg, onlosmaaklik deel van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika en spesifiek die diakonieë.

Die PPK Pretoria het op 2 Oktober 1939 in Voortrekkerweg, Gezina, geopen, 'n maand ná die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

PPK Pretoria is geregistreer om 63 kinders te versorg – 36 dogters en 27 seuns vanaf die ouderdomme 2 tot 18 jaar. Kinders word in die kinderhuis se sorg geplaas deur middel van 'n wettige hofbevel as gevolg van versorgingsnood en traumaverwante oorsake in huisgesinne. Ongelooflike werk word daar op verskeie terreine met die kinders gedoen.

Lidmate van GK Rietvallei is byvoorbeeld betrokke by die aanbied van ekstra klasse, om maar een voorbeeld te noem. Ons is saam met ander diakonieë verantwoordelik vir die finansiële ondersteuning van beide kinderhuise en daar word ook gereeld pogings aangewend om hul voorrade met nie-bederfbare items aan te vul.

Tans poog GK Rietvallei se diakonie om soveel as moontlik toiletware met die hulp van die gemeente bymekaar te maak. Baie, baie dankie daarom vir elke tandeborsel, waslappie, sepie en baie meer. Elke item maak die finansiële las ligter!

Barmhartigheid - liefde wat hande en voete kry

Die Barmhartigheidsdiensgroep vorm deel van die diakonale bediening van ons gemeente en het ten doel om Christus se liefde prakties uit te leef deur uit te reik na diegene in ons gemeente wat nood ervaar. Ons ondersteun tans 17 gesinne, hoewel die getal van maand tot maand wissel.

Gedurende Desember gaan ons saam met die Susters 'n fondsinsamelingsprojek aanpak om ons gesinne in nood met 'n spesiale bederfpakkie te bederf. Waar daar kinders is, wil ons ook basiese skryfbehoeftes voorsien sodat hulle die nuwe skooljaar met nuwe hoop kan begin.

Aan elkeen wat met 'n oop hand en hart gee, baie, baie dankie! Julle vrygewigheid maak 'n werklike verskil en is vir ons 'n besondere seën.



SPEEL SAAM!


Help Paulus!
Paulus wil die evangelie verkondig in 'n gemeente in Klein-Asië.
"Want ek skaam my nie vir die evangelie nie, want dit is 'n krag van God vir elkeen wat glo." Romeine 1:16
Help Paulus om deur die doolhof te kom sodat hy die gemeente kan bereik en die evangelie kan verkondig!
BEGIN
GEMEENTE



Handelinge Woordsoek

Die Heilige Gees gee die kerk krag om te leef en te groei!

Handelinge 1:8

Soek die woorde in die woordsoek. Hulle kan horisontaal, vertikaal, diagonaal en vorentoe of agtertoe wees.

H	A	N	D	E	L	I	N	G	E	J	R
P	O	O	D	S	R	O	M	E	V	A	B
S	I	L	A	S	S	A	I	N	A	N	A
A	G	E	M	E	E	N	T	E	N	T	R
E	R	A	A	E	I	S	B	E	G	I	N
D	A	A	S	U	L	U	A	S	E	O	A
U	F	T	K	I	S	A	K	U	L	G	B
J	E	S	U	S	E	I	S	A	I	I	A
U	O	S	S	T	O	F	M	U	E	E	S
B	I	D	T	O	C	P	E	T	R	U	S
E	S	G	E	L	O	O	F	S	H	E	U
H	E	I	L	I	G	E	G	E	E	S	J

Soek hierdie woorde:

ANANIAS
ANTIOGIË
ASIË
BARNABAS
BEGIN
BID
DAMASKUS
DOOP
EFESE
EVANGELIE
GELOOF
GEMEENTE
GENEES
GRAF
HANDELINGE
HEILIGE GEES
JERUSALEM
JESUS
JODE
JUDEA
LAM
LOT
LUKAS
PETRUS
ROME
SAAD
SAULUS
SEIL
SILAS
STEL
STOF

Skryf al die letters neer wat nie deel vorm van hierdie woorde nie en skommel dit om die geheime woord/naam te ontrafel!



"Dit is nie meer ek wat leef nie, maar Christus leef in my."

Galasiërs 2:20

Die evangelie verander lewens!

Mag julle Kersfees gevul wees met die warmte van geliefdes, die vreugde van saamwees en die vrede wat net Christus kan gee. Mag daar genoeg lag om die tafel wees, genoeg rus vir die siel en genoeg mooi oomblikke om in die hart te bêre. Geniet die feestyd, ry veilig en onthou: te midde van al die liggies, geskenke en Kersfeesplanne vier ons die grootste geskenk van almal – Jesus Christus, ons Verlosser.

Groete,

Die Rietfluit-redaksiespan!

